# Resensies


- Van der Watt, J.G., *red*. 2003. **Die Bybel A-Z.** Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.
  (*W.C. Vergeer*) .......................................................................... 743
- Nell, Ian. 2003. **Blydskap wat bly. Filippense vir vandag.** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*L. Floor*) .......................................................................... 744
- Smit, Johan. 2003. **Toegevou in God se liefde. ’n Bybelse dagboek in groot druk.** Wellington : Lux Verbi.BM..
  (*L. Floor*) .......................................................................... 745

# Resensie

**VAN DER WATT, J.G., *red*.** 2003. **Die Bybel A-Z.**
Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. 1104 p.
Prys: R275,00. ISBN 1-77000-036-4.

**Resensent:** *W.C. Vergeer*
(Gereformeerde Kerk, Potrchefstroom-Oos)

*Die Bybel A-Z* is 'n derde omvattende hulpmiddel vir Bybellesers uit die stal van CUM. 'n Aanbeveling oor hierdie publikasie moet hom uiteraard verantwoord oor die verhouding met die ander twee publikasies (*Die Bybel in Praktyk* [1993] en *Die Bybellenium* [1999]). Is daar nie 'n onnodige duplisering van inligting nie? In elkeen vind 'n mens immers kommentaar, kaarte, indekse en inligting oor verskillende kontekste.

Inderwaarheid sluit hierdie drie publikasies egter op 'n besondere manier by mekaar aan in 'n groeiende erkenning van die mondigheid van gewone Bybellesers. Elke publikasie verteenwoordig 'n verdere tree in die bemagtiging van lesers om die betekenis van die Bybel selfstandig te ontgin.

- *Die Bybel in Praktyk* is hoofsaaklik 'n moderne Bybel met verklarende aantekeninge. Klaar ontginde betekenis van 'n Skrifgedeelte word in hierdie publikasie binne lesers se bereik gebring.
- *Die Bybellenium* bring meer uitgebreide kommentaar, veral ook oor die konteks van 'n Skrifgedeelte, binne lesers se bereik. So kry die lesers insae in die probleme en verskillende moontlikhede van betekenis en toepassing van 'n Skrifgedeelte en word hulle toegerus om selfstandige keuses in hierdie verband te kan maak.
- *Die Bybel A-Z* verteenwoordig 'n soort mini-biblioteek oor die Bybel in een boek. Met hierdie "biblioteek" voor hande, kan lesers self besluit watter inligting relevant is om die betekenis van 'n bepaalde Skrifgedeelte te ontgin. Hulle kan hierdie inligting in *Die Bybel A-Z* gaan opsoek en as 't ware hulle eie kommentaar by 'n Skrifgedeelte begin skrywe.

Van Suid-Afrika se bekwaamste teoloë het saamgewerk aan *Die Bybel A-Z* om inligting wat vir Bybelverstaan relevant is, te versamel. Met 'n

inleidende kommentaar op elke boek van die Bybel as vertrekpunt, word inligting deur verskillende indekse en omvattende woordelyste vir die Bybelleser toeganklik gemaak. Tydlyne, kaarte, verrykingsblokkies, perspektiewe op die gang van die geskiedenis tot vandag, ander godsdienste, verskillende literatuursoorte en basiese geloofswaarhede, verteenwoordig aspekte van die navorsingsgegewens wat op hierdie manier binne lesers se bereik kom. Die uiteensetting is prakties en helder, en die taalgebruik so eenvoudig dat ook jongmense hierdie bron maklik sal kan gebruik.

Naas die geleentheid om akademiese kennis oor die Bybel in te win, bemiddel *Die Bybel A-Z* ook persoonlike geloofsgroei deur konkordante Bybelstudies, ’n een-jaar-Bybelleesprogram en ’n lys van bemoedigende Skrifgedeeltes vir krisistye.

Uiteraard bring die hantering van so baie temas in een publikasie mee dat die inligting in *Die Bybel A-Z* dikwels slegs inleidend en opsommend is. Met die leser se nuuskierigheid geprikkel, sou verwysings of bronnelyste vir verdere leeswerk oor ’n bepaalde tema, baie diensbaar gewees het.

Nieteenstaande is *Die Bybel A-Z* ’n keurige, goedversorgde en nuttige publikasie wat bepaald ’n plek in elke Christelike huis verdien.

**NELL, Ian.** 2003. **Blydskap wat bly. Filippense vir vandag.**
Wellington : Lux Verbi.BM. 104 p. Prys: R526,95. ISBN 0-7963-0125-5.

**Resensent:** *L. Floor*
(Emeritus: Dept. Ou & Nuwe Testement, PU vir CHO)

Ian Nell het na Paulus se brief aan die Filippense gegryp om vir sy lesers te verduidelik wat egte blydskap is. Nell het hiervoor die regte brief van Paulus gekies, want die apostel se brief aan die Filippense word “die brief van die blydskap” genoem: dertien keer wys die apostel op blydskap. In die vierde hoofstuk klink dit selfs soos ’n bevel: “Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!” (Fil. 4:4).

Nell sluit in sy boek by die dertien uitsprake van Paulus oor blydskap aan en skryf dan in dertien hoofstukke oor blydskap. Telkens wys hy op blydskap in ’n bepaalde lewensituasie.

’n Kerngegewe van Nell se boek is dat hy wys op die verskil tussen geluk en blydskap. Omstandighede bepaal ons geluk, terwyl ware blydskap in Christus gewortel is. Dat Christus die bron van blydskap is, word deur die skrywer baie duidelik uitgespel.

Elke hoofstuk oor blydskap word ingelei met ’n alledaagse gebeurtenis. Soms raak die skrywer daarmee nogal ver van sy onderwerp verwyder. Sy tweede hoofstuk is daarvan ’n duidelike voorbeeld. Nell gee so veel aandag aan die probleem van geloofsgenesing dat sy eintlike bedoeling om oor gebed en blydskap te skryf (die belangrike sleutel, p. 17), nie die volle aandag kry wat dit verdien nie. Hoewel ’n bietjie uit fokus moet van Nell se opmerkings oor elke genesing as ’n wonderwerk van God met dank en waardering kennis geneem word. Ontroerend is wat die skrywer opmerk oor hoe jy jou pyn moet toeëien in verband met gebed en blydskap (p. 29-32).

Die voorbeeld van Stephen Hawking is nie so ’n gelukkige keuse nie (p. 32-33). Met alle deernis en respek vir hierdie groot astrofisikus is sy lewensvreugde hoegenaamd nie op dieselfde vlak as dié van Paulus nie.

’n Besonder mooi hoofstuk is hoofstuk 9 waar die skrywer ’n verband lê tussen blydskap en geestelike volwassenheid. Die beeld van die apostel Paulus word in daardie hoofstuk besonder skep belig.

Oor die geheel geneem is Nell se beskrywing van die Pauliniese boodskap oor blydskap die moeite werd om van kennis te neem. Sy boek is sterk op die praktyk van de geloofslewe gerig, die skryfstyl is helder en die boek lees gemaklik. Veral vir ons jongmense is ’n boek soos hierdie die moeite werd om te lees.

**SMIT, Johan.** 2003. **Toegevou in God se liefde. ’n Bybelse dagboek in groot druk.** Wellington : Lux Verbi.BM. Ongenommerd. Prys: R96,95. ISBN 0-7963-0163-85.

**Resensent:** *L. Floor*
(Emeritus: Dept. Ou & Nuwe Testement, PU vir CHO)

Hierdie publikasie is wat sy vorm betref van uitstaande gehalte. Die pragtige buiteblad maak die boek geskik om vir iemand as ’n present te gee. Die grootdrukletters sal ouer lesers help om gemaklik te lees wat gedruk staan. Van die inhoud van hierdie dagboek kan dieselfde gesê word.

By die eerste kennismaking met Johan Smit se boek kry mens die indruk dat die skrywer baie rondspring in die Bybel. Hy stap van Filippense na die Psalms. Dan trek hy by Romeine en is hy weer terug by Jesaja. Wanneer 'n mens egter kyk na die struktuur van die boek dan word die wyse waarop die skrywer die Bybel hanteer vir ons duidelik. Smit het vir elke maand van die jaar vier temas gekies. Die vier termas van elke maand sluit by mekaar aan. Aan die begin van elke maand word die temas dan volgens die aantal dae van daardie maand onderverdeel. Wanneer ons die onderverdeling, dus die titels van elke dagstuk nader bekyk, dan tref dit hoe prakties hierdie dagboek is. Die skrywer bring die Woord van God by die lewe van elke dag. Hy maak duidelik dat geloof nie alleen iets van hoof en hart is nie, maar ook van hande en voete. Dit is eenvoudig onmoontlik om voorbeelde van praktiese Bybeltoepassing in hierdie dagboek te gee, want byna op elke bladsy is daar iets wat die leser tref.

Dat die skrywer eksegeties-dogmaties 'n helder geluid laat hoor, blyk byvoorbeeld duidelik uit die gedeelte waar hy skrywe oor vergewing en versoening (7 Maart – 23 Maart).

Die dagstukke oor rykdom en beleggings is sowel oorspronklik as toepaslik (1 Junie – 9 Junie). Ook die opmerkings oor 'n hemelse belegging (8 Junie) laat 'n mens diep dink.

Die waarde van hierdie dagboek word verhoog deur 'n teksregister agter in die boek met daarby 'n tematiese indeks en 'n opsomming van Bybelbeloftes in spesiale gevalle soos angs, bekommernis, eensaamheid, doodsvrees. Mag hierdie dagboek baie herdrukke belewe.